# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure

*BELEEF BEHOORT BEDIEN*



"Wees saam met my bly, want ek het my skaap wat weg was, weer gekry.

Ek sê vir julle: 'Net so sal daar ook in die hemel blydskap wees oor een sondaar wat hom bekeer.'"

Lukas 15:6,7

# EREDIENSTE

## VANDAG

Deuroffers: Straatwerk
*Ds Anton*
Matt 11:28; Luk 15:1-32
Daar is plek in die Vader se huis.

08:30
- Kontemporêre Diens
- Bababediening, Kinderkerke, Space

10:15
Klassieke Diens

10:30
Belydenisklas

19:00
Open Door Sundays
*Past Adam*
There is room in the Father's House

## PROGRAM

| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
|---|---|---|---|---|
| | 08:30 Soepel Seniors<br>19:00 Admin bed verg | ASWOENSDAG<br>05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms<br>**10:00 en 19:00 Aswoensdagdiens** | 08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | 16:00 Racham |
| Ma | Di | Woe | Do | Vry |

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie / https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

**Leraar:** Ds Anton Roux 083 504 2613 ants@heidekoppie.com
**Jeugwerker**: Adam Barker 074 172 9187 adam@heidekoppie.com



## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

FEBRUARIE

15: Danie van der Merwe
19: Trudie Davies
20: Herman du Toit (92jr), Nicoline Scriven (70jr)
21: Theuns Wiese









## MEELEWING

Twee van ons lidmate is die afgelope tyd oorlede: Lena de Jager en Helen Nel.

Albei hierdie dames was van die stigting van die gemeente af lidmate van Heidekoppie.

Ons is hartseer saam met hulle families en bid dat die Here hulle sal vertroos en mooi herinneringe sal laat onthou.

SnapScan

Snap here to pay

BANKBESONDERHEDE:
NG Kerk Heidekoppie,
Absa Brackenfell
Universele Kode: 632005 ,
Tjekrekening nr
145 058 0674

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES

"In die huis van my Vader is daar baie woonplek.
As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie."

Johannes 14:2

# LYDENSTYD

Lydenstyd is die 40 dae tussen Aswoensdag en Paasfees (Sondae uitgesluit). Ons dink aan Jesus se lyding op aarde, maar kyk ook na binne – 'n tyd van introspeksie en bewuswording van dinge in ons lewe wat nie reg is nie.

Vas, gebed en vrygewigheid word met Lydenstyd geassossieer. Deur hierdie dissiplines beweeg ons nader aan die Here en verdiep ons verhouding met Hom.




Stil, kontemplatiewe, belewenisdienste in 'n gees van selfondersoek en skulbelydenis.

Ontvang 'n askruisie op die hand of voorkop - 'n teken van berou, van nader beweeg aan Jesus en 'n bewuswording van ons eie sterflikheid.






Maak 'n Lydenstyd uitstalling in jou huis.

"Maar nou sê die Here: 'Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur!"

Joël 2:12



# ALLERLEI





TOY & HOBBY FAIR 28 Feb 09:00 – 13:00
Navrae: Adam by 074 172 9187



## "CONTAINER" BENODIG

Ons ontvang baie klere. Sommige word verkoop by Heide-Boetiek en ander word aan behoeftige individue of instansies soos bv Badisa geskenk. Die geld van klere wat verkoop word, word weer vir kospakkies gebruik.

Ons het 'n groot behoefte aan 'n *container* waar hierdie klere ontvang, sorteer en geberg kan word.




## HULP MET OPNAMES EN REDIGERING BENODIG

Daar word elke Sondag tydens skoolkwartale 'n video-opname van die 08:30 erediens gemaak. Die opname word gemaak met 'n selfoon wat op 'n driepoot gemonteer is.

Die opname word direk na die diens geredigeer en op Heidekoppie se YouTube kanaal geplaas.

***Ons benodig iemand wat:***


- Kan help om opnames te maak; verkieslik met jou eie selfoon wat 'n goeie kwaliteit kamera het.
- Die video direk na die diens kan redigeer en op YouTube kan plaas. (Adam is beskikbaar vir opleiding.)

Kontak Adam by 074 172 9187.

## "CONTAINER" BENODIG

Indien jy weet van 'n plek waar ons so 'n container (12 m) geskenk en afgelewer kan kry, kontak asb die kerkkantoor.

# BID EN GROEI




## BID VIR ONS GEMEENTE

Ons gaan gereeld voorbidding vir gemeentesake vra.
Vanoggend bid ons vir ons geestelike leiers.
Dankie aan die Gebedsbediening wat die gebedspunte voorsien het.

Here ons God
Ons dank U vir die roeping wat U op Ds Anton en Adam se lewe geplaas het. Wanneer hulle u Woord verkondig, bid ons:
Laat hulle in U bly soos 'n loot in die wingerdstok, en uit daardie verbondenheid bedien (Joh. 15:4).
Skenk wysheid en duidelikheid om die Woord reg te sny (2 Tim. 2:15).
Gee vrymoedigheid om die waarheid in liefde te spreek (Ef. 4:15; Hand. 4:29).
Bewaar hulle harte in nederigheid en integriteit.
Versterk hulle na liggaam en gees.
Seën en beskerm ook hulle gesinne wat saam hierdie roeping dra.
Heilige Gees, open ons harte om die Woord met hunkering na U en sagmoedigheid te ontvang (Jak. 1:21).
Laat dit vrug dra tot eer van U Naam (Joh. 15:16).
Ons vertrou elke oomblik van lering in U Naam, aan U toe.
In die Naam van die Vader, Jesus en Heilige Gees.
Amen



## MANNA VIR MANNE

Onthou van ons Mannegroep Woensdag-oggende 17:45 – 06:30 in die Gebedskamer. Woordbediening, koffie, saambid en saam-kuier. Kom in by die oop deur in Stasieweg. Navrae: Francois by 082 231 4567.

# GOD IS LIEFDE

## DANKIE JESUS!



Dit is op die oomblik sikloon-seisoen in Madagaskar; bly asb voortdurend in gebed vir Nic en Tina en hulle bedieninge.

Dié week was daar weer 'n sikloon (Gezani) en weereens is hulle bewaar. God is goed!

## 7 TEKSGEDEELTES WAT JY SAAM MET JOU VALENTYN KAN LEES




"Miskien is hierdie oppervlakkige uitdrukking van liefde hoekom ons so maklik vergeet dat die Bybel, van begin tot einde, eintlik 'n liefdesverhaal is. Nie net tussen God en die mens nie, maar ook oor mense wat mekaar liefhet op aardse, soms deurmekaar, maar ook so mooi maniere. Liefde wat asemhaal. Liefde wat jou ontmoet op 'n stofpad. Liefde wat saam met jou loop, struikel, opstaan en aanhou.

So as jy hierdie Valentynsdag iets wil sê wat dieper gaan land as sjokolade in 'n hartvormige boksie en langer hou as rose, hier is sewe Bybelverse wat jy saam met jou Valentyn kan lees."

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 Korintiërs 13:4-7 | Prediker 4:9-12 | Romeine 12:10 | Efesiërs 4:2,3 |
| Kolossense 3:13, 14 | Spreuke 17:17 | Johannes 15:12 | |

Lees die hele pragtige artikel deur Wilmi Wheeler hier: https://kaapkerk.co.za/7-teksgedeeltes-wat-jy-saam-met-jou-valentyn-kan-lees/




Foto's geneem by verlede week se huweliksvoorbereidingskursus



# ALLERLEI



### SKENK 'N POP VIR SENDELINGE IN UGANDA

Het jy dalk 'n ou pop wat net iewers rondlê? Verkieslik baba-grootte met beweeglike arms en bene. 'n Sendeling in Uganda gebruik die poppe om mammas te leer hoe om hulle babas reg te hanteer, te versorg en te beskerm. Skoon poppe in 'n goeie toestand kan by die kerkkantoor afgelewer word teen 23 Feb.
Dankie!




### VERBLYF GESOEK

Oumawoonstel te huur gesoek vir 'n dame in haar vroeë 60's. Die eiendom wat sy die afgelope 8jr gehuur het, is nou verkoop.
Parkering vir 'n motor is ook nodig.. Die dame het 'n ou kat wat net binnenshuis bly.
Maks R6500/maand.
Kontak die kerkkantoor.






# HUISGELOOF

Laai gerus Dinkjeug se *app* af en volg hulle Lydenstyd program vir gesinne!

# LYDENSTYD

## HUISGELOOF: GEWOONTE 1

**Lydenstyd is 40 dae lank (uitgesluit Sondae) vanaf Aswoensdag tot Paasfees.**

Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

**15 FEB 2026**

**VIER DIE KERKJAAR**

**MATT 17:1-9**

### OMGEE

Neem beurte om 'n dobbelsteen te gooi. Beantwoord dan 'n vraag volgens die nommer:

1. Hoogtepunt van jou week?
2. Wat is jou gunstelingberg?
3. Waaroor bekommer jy?
4. Waaroor is jy dankbaar?
5. Hoe onthou jy belangrike datums?
6. Gunstelingseisoen?

### GESELS

Hierdie Woensdag is dit 'n belangrike dag: "As-woensdag". Dit is die begin van die kerkjaar seisoen Lydenstyd. Dit is 'n tyd waarin ons onthou dat Jesus wat God is, ook gely het.

**Lees: Matt 17:1-9**

**- wat sien 'n mens van bo-op 'n berg?**

**- wat het die dissipels gedink toe hulle besef wie Jesus is?**

**- wat sou jy gedoen het?**

### DOEN

Vier hierdie week Aswoensdag. Stal 'n kruis in julle huis uit vir Lydenstyd en gebruik as uit die braai/kaggel (gemeng met 'n bietjie olie of room) om 'n kruis op elkeen se voorkop te maak. Besluit op 'n tyd waarop julle elke dag saam na die DinkJeug Families App kan luister.

### BID

Ons loof U...
Jammer dat...
Help my onthou...

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play

Apple Store